BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c — Vrydag 22 Augustus 1980 — WINDHOEK — Friday 22 August 1980 — No. 4247

INHOUD:

Bladsy

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

No. AG. 111 Oplegging van Algemene Heffing op Uitvoer en Slag van Beeste, skape, bokke en varke en Voorskrifte in Verband daarmee 1

No. AG. 112 Oplegging van Algemene Heffing op Uitvoer van Karakoelpelse en Voorskrifte en Regulasies in Verband Daarmee 2

CONTENTS:

Page

GOVERNMENT NOTICES:

No. AG. 111 Imposing of General Levy on the Export and Slaughter of Cattle, Sheep, Goats and Pigs and Directions in Connection Therewith 1

No. AG. 112 Imposing of General Levy on the Export of Karakul Pelts and Directions and Regulations in Connection Therewith 2

Goewermentskennisgewing

kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 111 1980

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

OPLEGGING VAN ALGEMENE HEFFING OP UITVOER EN SLAG VAN BEESTE SKAPE, BOKKE EN VARKE EN VOORSKRIFTE IN VERBAND DAARMEE

Kragtens —

(a) artikel 46A(1) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die algemene heffings in Kolom II van die Aanhangsel vermeld opgelê op elke eenheid van die produkte in Kolom I van die

Government Notice

office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 111 1980

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

IMPOSING OF GENERAL LEVY ON THE EXPORT AND SLAUGHTER OF CATTLE, SHEEP, GOATS AND PIGS AND DIRECTIONS IN CONNECTION THEREWITH

Under —

(a) section 46A(1) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), the general levy as set out in Column II of the Annexure hereto is hereby imposed on each unit of the products mentioned in Column I

Aanhangsel vermeld wat uit die gebied uitgevoer of daarin geslag word;

(b) artikel 46A(2) gelees met artikel 84A(2) van genoemde Wet, voorgeskryf dat die algemene heffing bedoel in paragraaf (a) betaalbaar is deur die persone wat die produkte in Kolom I van die Aanhangsel vermeld uit die gebied uitvoer of daarin slag en dat dit aldus betaalbaar is tesame met die heffing en spesiale heffing wat aan die Vleishandelbeheerraad oorbetaal word ingevolge die bepalings van Goewermentskennisgewing no. 221 van 23 Augustus 1978 soos gewysig by Goewermentskennisgewing AG. 35 van 18 Mei 1979 en dat vermelde Vleishandelbeheerraad alle heffings ingevolge hierdie regulasies aan hom betaal sal stort in die spesiale rekening bedoel in artikel 46C van die Bemarkingswet, 1968;

(c) artikel 46A(2) gelees met artikel 84A(3) bepaal dat iemand in paragraaf (b) bedoel indien hy sodanige heffing betaal ten opsigte van enige produk in Kolom I van die Aanhangsel vermeld wat hy uitgevoer of geslag het namens of ten behoewe van 'n ander persoon, enige bedrag as, of ten opsigte van, sodanige heffing betaal, van daardie ander persoon kan verhaal deur die bedrag aldus betaal af te trek van enige bedrag wat hy ten opsigte van bedoelde uitvoer of slagting aan daardie ander persoon verskuldig is.

G. van N. VILJOEN
Administrateur-generaal Windhoek 22 Augustus 1980

of the Annexure exported from or slaughtered in the territory;

(b) section 46A(2) read with section 84A(2) of the said Act there is hereby prescribed that the general levy referred to in paragraph (a) shall be payable by the persons who so export from, or slaughter in the territory the products mentioned in Column I of the Annexure together with the levy and special levy paid to the Meat trade Control Board in terms of Government Notice no. 221 of 23 August 1978 as amended by Government Notice no. AG. 35 of 18 May 1979 and that the said Meat Trade Control Board shall pay all levies paid to it in terms of these regulations into a special account referred to in section 46C of the Marketing Act, 1968;

(c) section 46A(2) read with section 84A(3) of the said Act there is hereby determined that any person referred to in paragraph (b) may, if he pays such levy in respect of any product mentioned in Column I of the Annexure exported from or slaughtered in the territory in the name of or on behalf of any other person, recover any amount paid as, or in respect of, such levy, from such other person by deducting the amount so paid, from any amount due to such other person by him in respect of the said export or slaughters.

G. van N. VILJOEN
Administrator-General Windhoek 22 August 1980

AANHANGSEL

KOLOM I *Produkte waarop heffings gelê word*	KOLOM II *Algemene heffing per eenheid*
Beeste met inbegrip van kalwers	28 sent
Skape en bokke van 3 maande oud en ouer	5 sent
Varke	14 sent

ANNEXURE

COLUMN I *Products on which levies are imposed*	COLUMN II *General levy per Unit*
Cattle, including calves	28 cent
Sheep and goats — three months and older	5 cent
Pigs	14 cent

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 112 1980

OPLEGGING VAN ALGEMENE HEFFING OP UITVOER VAN KARAKOELPELSE EN VOORSKRIFTE EN REGULASIES IN VERBAND DAARMEE

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 112 1980

IMPOSING OF GENERAL LEVY ON THE EXPORT OF KARAKUL PELTS AND DIRECTIONS AND REGULATIONS IN CONNECTION THEREWITH

Kragtens —

(a) artikel 46A(1) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), word 'n algemene heffing van *drie sent* hierby gelê op elke karakoelpels wat uit die gebied uitgevoer word, behalwe enige sodanige karakoelpels —

(i) wat voorheen uit die gebied uitgevoer is en ten opsigte waarvan bedoelde algemene heffing reeds ten tyde van sodanige uitvoer betaal is;

(ii) wat in die gebied ingevoer word vir sortering en daarna uit die gebied uitgevoer word;

(b) artikel 46A(2) gelees met artikel 84A(2) van genoemde Wet word hierby voorgeskryf dat die algemene heffing bedoel in paragraaf (a) betaalbaar is deur die persone wat die karakoelpelse uitvoer en dat dit aldus betaalbaar is op die wyse en tye wat in die regulasies in die Bylae vervat, voorgeskryf word;

(c) artikel 46A(2), gelees met artikel 84A(3) van genoemde Wet word hierby bepaal dat iemand in paragraaf (b) bedoel indien hy sodanige heffing betaal ten opsigte van enige karakoelpelse aan hom gelewer vir uitvoer namens of ten behoewe van 'n ander persoon, enige bedrag as, of ten opsigte van, sodanige heffing betaal, van daardie ander persoon kan verhaal deur die bedrag aldus betaal af te trek van enige bedrag wat hy ten opsigte van bedoelde uitvoer aan daardie ander persoon verskuldig is;

(d) artikel 46A(2) gelees met artikels 84A(2) en 89 van genoemde Wet word die regulasies in die Bylae vervat, hierby uitgevaardig.

G. van N. VILJOEN
Administrateur-generaal

Windhoek, 22 Augustus 1980

Under —

(a) dection 46A(1) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), a general levy of *three cents* is hereby imposed on every karakul pelt exported from the territory, excluding any such karakul pelt —

(i) previously exported from the territory and in respect of which such general levy has already been paid at the time of such export;

(ii) imported into the territory for sorting and exported from the territory thereafter;

(b) section 46A(2) read with section 84A(2) of the said Act there is hereby prescribed that the general levy referred to in paragraph (a) shall be payable by the persons exporting the karakul pelts and that it shall be so payable in the manner and at the times prescribed in the regulations set out in the Schedule;

(c) section 46A(2) read with section 84A(3) of the said Act there is hereby determined that any person referred to in paragraph (b) may, if he pays such levy in respect of any karakul pelts delivered to him for export in the name of or on behalf of any other person, recover any amount paid as, or in respect of, such levy, from such other person by deducting the amount so paid, from any amount due to such other person by him in respect of the said export;

(d) section 46A(2) read with sections 84A(2) and 89 of the said Act the regulations set out in the Schedule are hereby made.

G. van N. VILJOEN
Administrator-General

Windhoek, 22 August 1980

BYLAE

1. In hierdie regulasies tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Karakoelskema afgekondig by Proklamasie R172 van 1968, soos gewysig, geheg word, 'n ooreenstemmende betekenis.

2. Die heffing bedoel in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing moet ten opsigte van alle karakoelpelse wat gedurende die tydperke vermeld in Kolom 1 van Aanhangsel A ingeklaar word vir uitvoer uit die gebied, voor of op die datums daarteenoor vermeld in Kolom II van Aanhangsel A betaal word.

3. (1) Die som van alle sodanige heffings wat 'n persoon moet betaal ten opsigte van alle karakoelpelse wat

SCHEDULE

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Karakul Scheme, published by Proclamation R172 of 1968, as amended, shall have a corresponding meaning.

2. The levy referred to in paragraph (a) of this notice shall in respect of all karakul pelts cleared for export from the territory during the periods mentioned in column I of Annexure A be paid before or on the dates mentioned opposite these in column II of Annexure A.

3. (1) The total amount of all such levies payable by a person in respect of all karakul pelts so cleared by him

hy aldus ingeklaar het gedurende enige tydperk bedoel in regulasie 2 moet in een bedrag aan die Raad betaal word.

(2) 'n Betaling ingevolge subregulasie (1) gaan vergesel van 'n opgawe in die vorm uiteengesit in Aanhangsel B wat behoorlik voltooi moet wees.

4. Die Raad stort alle heffings ingevolge hierdie regulasies aan hom betaal in die spesiale rekening bedoel in artikel 46C van die Bemarkingswet, 1968.

during any period specified in regulation 2, shall be paid to the Board in one amount.

(2) Any payment in terms of subregulation (1) shall be accompanied by a return in the form set out in Annexure B which shall be completed properly.

4. The Board shall pay all levies paid to it in terms of these regulations into the special account referred to in section 46C of the Marketing Act, 1968.

AANHANGSEL A

KOLOM I	KOLOM II
TYDPERK WAARBINNE INKLARING PLAASVIND	DATUM WAAROP HEFFING BETAAL MOET WEES
14 Oktober van enige jaar tot en met 24 Januarie van die daaropvolgende jaar	Laaste dag van Februarie van laasbedoelde jaar
25 Januarie tot en met 14 April van dieselfde jaar	31 Mei van daardie jaar
15 April tot en met 16 Julie van dieselfde jaar	31 Julie van daardie jaar
17 Julie tot en met 22 Augustus van dieselfde jaar	30 September van daardie jaar
23 Augustus tot en met 13 Oktober van dieselfde jaar	15 Desember van daardie jaar

ANNEXURE A

COLUMN I	COLUMN II
TIME OF CLEARANCE	LAST DAY TO PAY LEVY
14 October of any year up to and including 24 January of the following year	Last day of February of the last-mentioned year
25 January up to and including 14 April of the same year	31 May of that year
15 April up to and including 16 July of the same year	31 July of that year
17 July up to and including 22 August of the same year	30 September of that year
23 August up to and including 13 October of the same year	15 December of that year

AANHANGSEL B

OPGAWE DEUR UITVOERDERS VAN KARAKOELPELSE

Naam van uitvoerder .....

.....

Adres .....

.....

1. Land van bestemming .....
2. Aantal pelse .....
3. Heffingstarief .....
4. Bedrag van heffing .....

Ek verklaar hierby dat die gegewens hierbo verstrek, korrek is.

.....

Datum

.....

Uitvoerder

ANNEXURE B

RETURN BY EXPORTERS OF KARAKUL PELTS

Name of exporter .....

.....

Address .....

.....

1. Country of destination .....
2. Number of pelts .....
3. Levy tariff .....
4. Amount of levy .....

I hereby declare that the particulars furnished above are correct.

.....

Date

.....

Exporter